27 Februarie 2022

Graad 4 – 7 Kategese

OUPA ABIE GESELSBLAD

Reeks: Blink! (7) Die oopgetrekde gordyn
2 Korintiërs 3:12-4:2

wat wil jy vandag **bereik?**

God steek niks vir ons weg nie. Ons hoef ook nie vir God iets weg te steek nie.

ons **storie:** waar is ons nou?)

Wat weet jy alles van jou beste maatjie? Hoe weet jy dit? Waarmee is jou ma of pa goed en spesiaal? Hoe weet jy dit?

Party mense sê ons kan nie regtig vir God ken nie. Daar is altyd te veel wat ons nie weet nie. Wat dink julle?

Hoe sal ons verhouding met God lyk as ons nie eintlik weet hoe God is nie? Hoe sal ons verhouding met God lyk as ons God se hart ken?

GOD se **storie**

wat sê **die Bybel** (daar en dan)

Lees **2 Korintiërs 3:12-4:2** saam as 'n groep of familie. Kyk dan die **Oupa Abie video** wat gaan oor die teksgedeelte

Nous volg drie hoofbewegings in ons kategese-benadering.

1. Ons eie storie

Die eerste gedeelte vra vrae oor ons huidige belewenisse en sienings oor 'n sekere tema.

2. God se storie

Die tweede gedeelte hanteer die teks van die week. Meesal gaan die Abie video daaroor. Vrae oor die teks word gevra.

3. Ons nuwe storie

In die laaste fase gesels ons oor die betekenis van God se storie in ons lewens. Ons integreer wat ons gehoor het, by ons eie lewens.

Moontlike AKTIWITEIT vir voor of na die tyd

Maak Chinese papierlanterns en versier dit. Kinders kan tuis (onder toesig) 'n kersie binne-in plaas. Die lanterntjie is 'n herinnering dat God sy lig vir ons kom wys het en dat ons lig nou skyn.



gesels dan oor die volgende saam

Hoe help Manie Muisenberg jou om oor die teks te dink? Hoeveel goed sien julle in die teks wat blink of skyn?

Julle kan ook Eksodus 34:28-35 lees. Dit vertel van Moses wat lank lank gelede met God op die berg gepraat het. Wanneer God met Moses gepraat het, het Moses se gesig blink geword van sy ontmoeting met God. Hy het 'n doek/sluier oor sy gesig gesit wanneer hy met mense praat. Paulus skryf in 2 Kor. 3 dat ons nie meer so 'n sluier nodig het om enigiets weg te steek nie. Ons blink nou almal wanneer ons Jesus volg.

Wat leer hierdie verse ons oor God? Steek God nog iets van Homself van ons weg? Wat vertel dit ons van God se kinders?

ons **nuwe** storie (verder en voor)

(Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons)

Epifanie help ons om te verstaan dat God sy hart vir ons gewys het. Alles wat ons nodig het om op aarde van God te weet, weet ons nou omdat Jesus gekom het.

Hoe help dit jou vorentoe in jou verhouding met God?

Wat in die hele reeks "Blink!" het vir jou self die meeste beteken?

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Dank God en loof God omdat Hy Homself aan ons gewys het met Jesus.

Bid dat ons verhouding met God sal aanhou groei.

Bid dat ons optrede sal help dat ander mense kan sien ons skyn vir Jesus.